

Dinsdag 3 Maart

Skrifgedeelte: Lukas 1:21-25

Fokusgedeelte: Lukas 1:25

Gryp vas aan God se beloftes en leef dit!

Dis tipies van Lukas om op te merk dat die goeie nuus van die evangelie vir seerkry-mense bedoel is. In ons teks val die fokus op wat die evangelie vir Elisabet beteken het. Die evangelie was vir al die nasies van die wêreld, maar ook vir die individu, ook vir haar! Vir mense soos sy, 'n vrou wat genade in die oë van die Here ontvang het.

Elisabet reageer op God se Woord in die geloof en neem dit ter harte. Die oomblik toe sy besef dat sy swanger is, het sy haarself afgesonder in haar huis, om te rus, in gebed met die Here om te gaan en met verwagting uit te sien na die vervulling van God se beloftes. Die Here het haar gebede verhoor. Die tyd van hartseer en smaad is verby. Anders as haar man, kon sy haar stem laat hoor om te sing en te getuig oor die Here se wonderlike goedheid en seën. Sy loof en prys God oor al sy almagswerke, ja, sy sing oor die vreugde wat in haar hart leef.

Dit is wat die Here ook van ons verwag: 'n kinderlike, opregte en onwrikbare geloof. God verwag dat ons altyd op Hom sal bly wag, op Hom sal vertrou en sal vashou aan sy beloftes. Die evangelie getuig van 'n Verlosser wat sy lewe kom gee het as losprys vir sonde. Die evangelie vertel van Christus wat die hoogste offer bring aan 'n kruis, sy lewe aflê vir sy kinders en op die derde dag opstaan uit die dood.

Die evangeliebelofte verkondig die waarheid dat elkeen wat in Jesus Christus glo, nie verlore gaan nie, maar die ewige lewe beërwe. Die Woord kondig vergifnis en versoening van sondes aan elkeen wat Christus in die geloof omhels as hulle Here. God belof dat Hy jou nooit sal verlaat en jou nooit in die steek sal laat nie. Dis evangelie!

Wat ook al jou probleme of uitdagings, hartseer of bekommernis is, die Here sal jou bystaan, beskerm en help tot aan die einde. Onthou ook die belofte dat Jesus Christus weer sal kom om te oordeel oor die wêreld. As dit vir jou waar is, wees elke oomblik gereed en wag op sy koms. Keer jou rug op die sonde en vestig jou hart, vertrou en lewe op Jesus.

Sing: Psalm 118-1:1, 2

Ds. CJ Nagel (Innes) (Louis Trichardt)